# Kerk en samelewing: ’n Christelik-filosofiese besinning

B.J. van der Walt
Skool vir Filosofie
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
POTCHEFSTROOM
E-pos: hannah@intekom.co.za

## Abstract

### Church and society: a Christian-philosophical reflection

*The problem to be discussed is the role of the church in society. In spite of the fact that this was a topical issue throughout centuries, it has today – especially because of the increasing secularisation of the social environment – become a burning issue. It seems as if churches are becoming more and more marginalised, as if they have lost their relevance for broader societal life. This article, however, indicates that a major reason for the situation may be with the churches themselves, viz. a wrong conception about their own identity. From a Biblical-Reformational perspective this wrong view is first explained historically. It is followed by a systematic exposition of the church as a societal relationship. Such a Christian-philosophical analysis in no way harms, but rather enhances the uniqueness of the church. According to this philosophy of society the church no longer needs to be irrelevant. The contribution is concluded by indicating, on the one hand, how the church should not be involved in societal life and, on the other hand, how it should correctly be related to the other aspects of life.*

## Opsomming

### Kerk en samelewing: ’n Christelike-filosofies besinning

*Die probleem wat hier ondersoek word, is dié van die rol van die kerk in die samelewing. Hoewel dit vir baie eeue al ’n vraagstuk is, het dit vandag – veral as gevolg van die toenemende versekularisering van die sameling – ’n brandend-aktuele kwessie geword. Dit wil lyk asof die kerk(e) meer gemarginaliseer word en hulle relevansie vir die breër*

*samelewing verloor het. Die artikel toon egter aan dat 'n belangrike oorsaak vir dié situasie by die kerk self gesoek moet word. Hierdie verkeerde visie word – teen die agtergrond van 'n Bybels-Reformatoriese standpunt – eers histories verduidelik. Daarna word op sistematiese wyse die aard van die kerk as samelewingsverband uitgespel. Daaruit blyk dat 'n Christelik-filosofiese analise van die kerk geensins sy uniekheid aantas nie, maar juis tot sy reg laat kom. Verder impliseer so 'n analise ook dat die kerk as menslike samelewingsverband 'n inherente deel van die breër samelewing is en dus nie irrelevant hoef te wees nie. Die bydrae word dus afgesluit deur aan te toon hoe die kerk nie en hoe dit (as dit korrek beskou word) wel in die samelewing betrokke behoort te wees.*

## 1. Die krisis van die kerk en die onvoldoende oplossings daarvoor

Gewoonlik word van 'n "krisis" gepraat wanneer mense nie net met 'n enkele probleem nie, maar met 'n opeenhoping van probleme gekonfronteer word en daar ook geen eenstemmigheid bestaan oor hoe dié probleme opgelos moet word nie. Die woord *krisis* is ook van toepassing op die kerk(e) vandag: daar is talle probleme en baie moontlike antwoorde daarop bestaan.

### 1.1 Erkenning van die krisis

Slegs enkele voorbeelde bevestig dat kerk(e) in die gereformeerde tradisie al 'n geruime tyd probleme ondervind. Van der Walt (1979) en Vorster (1981) het reeds 25 jaar gelede melding gemaak van die probleme van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Teen die einde van die vorige eeu herinner dieselfde twee skrywers (vgl. Van der Walt, 1999 en Vorster 1996) weer aan die dringende noodsaak van kerklike vernuwing en reformasie. Volgens Durand (2002) en Kritzinger (2002) ondervind ook die NG Kerkfamilie soortgelyke probleme. Ook Jonker (1998) is van mening dat die NG Kerke kan en móét verander.

Dat dit hier nie net oor 'n geïsoleerde Suid-Afrikaanse verskynsel gaan nie, blyk onder andere uit Dekker (s.j. en 1995) wat oor die kerklike krisisse in Nerderland skrywe. Uit Hendriks e.a. (2001) is dit duidelik dat ook die kerke in die res van Europa en die VSA nie aan hierdie ernstige krisis ontkom nie.

## 1.2 Fasette van die krisis

Uiteraard word in die verskillende publikasies oor dié krisis verskillende en selfs wyd uiteenlopende fasette van die krisis geïdentifiseer. As Christelike filosoof stel hierdie skrywer veral belang in wat die grondoorsake van die krisis kan wees. In hierdie bydrae word dus aangetoon dat baie van die probleme wat die kerk tans ondervind tot twee basiese vraagstukke gereduseer kan word.

Die eerste probleem is dat die kerk nie meer presies weet wat sy rol in die breë samelewing behoort te wees nie. Dit het nie slegs gegeld van die die pre-apartheid samelewing nie, maar ook van die huidige post-apartheid tyd. Die volgende woorde van Olthuis (1967:15) is ook in hierdie verband van toepassing:

> … when she (the church) ventured outside of the church-gates and mingled in the affairs of the marketplace, she adjusted, compromised and even denied her message; when, on the other hand, she was content to, or forced to remain within her walls she failed to give concrete form to her Christian witness and discovered to her own consternation that she was ’outside’ of the world.

Die kerk staan vandag dus weer voor die eeue oue probleem van hoe om *in* die wêreld teenwoordig te kan wees sonder om deel *van* die sondige wêreld te word. Hierdie vraagstuk het vandag egter veel dringender geword, omdat die samelewing waarin die kerk is al meer gesekulariseerd raak.

Die tweede probleem is dat die kerk nie meer presies weet wat dit behoort te wees nie – daar is twyfel oor die eie indentiteit. Elk van hierdie twee probleme (die sekularisasie van die samelewing en die identiteitskrisis van die kerk) verg verdere verduideliking om die krisis beter te kan verstaan.

## 1.3 Die sekularisasie van die samelewing

Die eerste probleem van die kerk hang saam met die feit dat die samelewing waarbinne dit leef wêreldwyd al meer gesekulariseerd raak. Met *sekularisering* word bedoel dat hedendaagse samelewings daar uitsien asof God nie bestaan en sy verordeninge nie meer van belang is nie (vgl. Van der Walt, 2004a; 2004b en 2005a vir ’n filosofiese uiteensetting van wat sekularisme behels en Van der Walt, 2005b en 2005c vir ’n meer populêre weergawe daarvan).

Hedendaagse sekularisme beskou godsdiens, geloof en kerk as private aangeleenthede en die breë (sosiaal-polities-ekonomiese) samelewing as die "publieke" terrein, wat godsdienstig neutraal sou wees.

Tereg sê Kritzinger (2002:5) dat die posisie van die Christendom en die kerk ná 1994 met die aanvaarding van 'n sekulêre grondwet ('n sogenaamde godsdienstig-neutrale grondwet) radikaal verander het: "The church has to reposition herself, and redefine its role in society. Clearly this search is basic for the future functioning of the church … It is not an easy transition."

Jonker (vgl. 1998:220) beaam dit ook:

> Die amptelike posisie van die nuwe staat is dié van godsdienstige neutraliteit. Godsdienstige geloof is iets van die persoonlike en private sfeer. In die plek van die norme van die Skrif word humanistiese oorwegings die maatstaf waaraan die moraliteit in die politiek en samelewing gemeet word … die samelewing word tans blootgestel aan die volle geweld van die Westerse sekularisme. Christelike norme word as iets beskou wat in die persoonlike sfeer en hoogstens in die spesifieke groepsverband betekenis het.

Een van die mees algemene reaksies op die toenemende sekularisme is dat Christene hulself in hulle kerklike dop terugtrek. Durand (2002:54) noem dié verskynsel (in teenstelling met baie Suid-Afrikaners se emigrasie na buite, na 'n ander land) emigrasie "na binne" Dit is tragies, want "… die volledige privatisering van godsdiens … (is) presies wat in 'n gesekulariseerde samelewing van die godsdiens verwag word" (Durand, 2002: 55, 56).

Ander teoloë het dié verkeerde reaksie egter alreeds as 'n onafwendbare feit aanvaar. 'n Gereformeerde godsdienssosioloog, Dekker, sê dat dié 'n tipiese trek van die gereformeerde geloof is dat dit vir alle aspekte van die lewe – dus ook die sogenaamde sekulêre, openbare lewe – relevant wil wees. Hy vervolg egter (vgl. Dekker, 2001:156) dat dit baie moeilik, dalk selfs onmoontlik is, om dié uitstaande kenmerk van die Reformatoriese Christendom en kerke vandag uit te leef. Alleen vir 'n "more pietistic form of Reformed belief" (p. 156) sien hy nog 'n oorlewingskans. Volgens sy aanvanklike stelling oor wat gereformeerd is, kan die piëtisme egter nie 'n vorm daarvan genoem word nie!

Jonker (1998:219, 220) vat die hoofprobleem van sekularisasie soos volg saam:

> Die politieke oorgang in die land het meegebring dat die kerk vir haarself helderheid moet kry oor die rol wat sy in die nuwe bedeling moet speel. Wat die kerk nie mag doen nie, is om uit skaamte oor haar foute van die verlede haarself aan die openbare lewe te onttrek … Dit sal tragies wees as die kerk aan haar gereformeerde karakter ontrou word en haar in ’n wêreld-vreemde entoesiastiese en individualistiese vroomheid sou terugtrek. Daar is geen ander instansie wat die leemte kan vul wat gelaat word as die kerk haar profetiese roeping verwaarloos en nie meer op grond van haar insig in die Skrif die lig van God se Woord op die probleme van die samelewing laat val nie … Die kerk sal van nuuts af moet leer hoe om dit te doen …

## 1.4 ’n Identiteitskrisis by die kerk self

Toenemende versekularisering van die samelewing beïnvloed die visie op wat die kerk is, kan of behoort te wees. Volgens Zylstra en Vander Stelt (1996:25) geld die omgekeerde egter ook:

> Churches have become so busy with their own internal programmes and problems that they can no longer be effectively concerned with the proper structure and direction of society and the world. Such ‘out-of-breath’ churches run the grave risk of becoming aloof and irrelevant institutions.

Dit sou dus onregverdig wees om eensydig alle blaam vir die krisis van die kerk op die versekulariserende samelewing te lê. Die skrywer van hierdie artikel is van mening dat die kerklike krisis medebepaal word deur ’n eeue oue verkeerde visie op die kerk self.

Meijers (1997:111) lê die vinger op die pols as hy sê: “… door heel de gereformeerde theologie loopt een dopers trekje, een stukje miskenning van de aardse historische werkelijkheid …”. Jonker (1998:6-8) toon dieselfde by Suid-Afrikaanse kerke (byvoorbeeld die NG Kerk) aan wanneer hy sê dat hulle sterk deur ’n piëtistiese vroomheid beïnvloed is, wat meer gerig is op die heiliging van die individu as van die hele lewe. Dié tendens is tot onlangs nog verder versterk deur die volkskerkgedagte:

> Aan die een kant laat die kerk in ’n piëtistiese ingesteldheid na om haar profetiese stem in die volkslewe te laat hoor. Aan die ander kant vervul die kerk die rol om die volkslewe religieus te sanksioneer (Jonker, 1998:64).

Hierdie piëtistiese visie op die kerk kan nie net tot die invloed van die Skotse predikante teruggevoer word soos Jonker beweer nie. Soos Meijers tereg stel, loop die “doperse” trek van wêreld-

ontvlugting dwarsdeur die tweeduisendjarige kerkgeskiedenis. Daarvolgens is die kerk geïsoleerd van die res van die samelewing en as iets geesteliks of bonatuurliks beskou en sy menslike of aardse aard feitlik ontken.

Dit is begryplik dat so 'n kerkvisie kerkleiers en teoloë skepties sal maak om vanuit verskillende fasette van die samelewing die kerk te bekyk. Die bydraes wat verskillende wetenskappe oor die kerk kan lewer, byvoorbeeld dié van die sosiologie, psigologie, ekonomie en filosofie word by voorbaat met argwaan bejeën. As gevolg van hulle verspiritualisering van die kerk sien baie mense nie in dat die kerk ook 'n inherente deel van die menslike samelewing is nie. Hulle verstaan nie dat die verskillende fasette van kerkwees deur verskillende wetenskappe bestudeer kan word, en kan help om die kerk beter te verstaan en te laat funksioneer nie. Die ekonomie kan die kerk byvoorbeeld help om sy geldsake beter te beplan; bestuurders kan help om sy organisasie te verbeter; sosioloë om die sosiale faset van kerkwees beter te begryp; kommunikasiekundiges om sy kommunikasie op te knap en psigoloë om sy pastorale werk meer effektief te doen.

Volgens kerkleiers sou so iets egter die unieke aard van die kerk aantas. Hulle skeptisisme is ongelukkig soms wel gegrond, want daar bestaan wel gevaar by elkeen van hierdie benaderings. Die versoeking is by die meeste wetenskaplikes om die kerk tot iets bloot sosiaals, ekonomies of psigies te reduseer. Daar word nie voldoende rekening gehou met die feit dat die kerk 'n instelling van God is, aan Christus behoort en deur sy Gees gelei moet word nie. Daarom is die kerk nie slegs 'n sosiale klub, 'n bedryf, 'n organisasie of psigologiese kliniek nie.

Dit is dus ook begryplik waarom teoloë in die verlede voorbehoude gehad het ten opsigte van 'n filosofiese besinning oor die kerk as samelewingsverband selfs al het dit vanuit 'n Christelike oogpunt geskied. Gelukkig is daar 'n kentering byvoorbeeld in Nederland. Christelike teoloë en Christelike filosowe besef toenemend dat hulle in die stryd teen die toenemende sekularisme mekaar se hulp broodnodig het (vgl. Van den Brink e.a., 1997).

Hierdie artikel wil die waarde van so 'n Christelik-filosofiese besinning vir die Suid-Afrikaanse gehoor onderstreep. Die hoofdoel is om deur middel van 'n struktuuranalise van die kerk sy ware aardse identiteit aan te toon en op dié wyse die piëtistiese verspiritualisering van die kerk te bekamp. Dit is noodsaaklik, omdat

die meeste gangbare oplossings vir die krisis van die kerk onbevredigend is.

### 1.5 Onvoldoende oplossings

Dit is belangrik om kortliks te let op sommige van die oplossings wat aan die hand gedoen word om die probleme van die kerk op te los. As gevolg van die vele probleme en die verskillende standpunte oor moontlike oorsake, is die antwoorde daarop ook legio en uiteenlopend, soos byvoorbeeld: aanbidding, getuienis en diens (vgl. Vorster, 1981:25 e.v.); transformasie van belydenis en sending (vgl. Durand, 2002:65 e.v.); ’n terugkeer na die ou belydenis van Nicea, wat leer dat die kerk één, heilig, algemeen (katoliek) en Christelik moet wees (vgl. Naudé, 2004:163 e.v.).

Nie een van genoemde navorsers sien die noodsaak om lewensbeskoulik-filosofies te besin oor die presiese aard van die kerk as samelewingsverband of wat dit *behoort te wees* nie. Alle klem word gelê op dit wat die kerk moet *doen* of watter *eienskappe* die kerk moet vertoon.

Myns insiens lê Adeyemo (1993:227) die vinger op die pols wanneer hy stel:

> We are convinced that an integrated Christian worldview based upon the Holy Scriptures … is an indispensable foundation to live out an authentic Christian life within our contemporary society, hence the importance of calling on all Christians to develop a Christian worldview … This implies the necessity to develop … a Christian social philosophy.

Om aan hierdie oproep van Adeyemo vir ’n Christelike samelewingsfilosofie (wat ook ’n struktuuranalise van die kerk behoort in te sluit) te voldoen, verloop die res van hierdie bydrae soos volg: Eerstens word nagegaan waar die verkeerde visie op die kerk vandaan kom, naamlik dat dit iets sou wees wat teenoor, langs of selfs bokant die samelewing sou bestaan. Vervolgens word ’n sistematiese analise van die kerk as samelewingsverband gemaak en ten slotte word aangetoon hoe die kerk volgens ’n meer korrekte, Bybelse visie wel in die samelewing betrokke kan wees.

## 2. Die historiese agtergrond vir die dubbele probleem van die kerk

Sowel die identiteitskrisis as die probleem van die kerk se rol in die samelewing het diep historiese wortels. Vergelyk Van der Walt

(2005d:5-38), Olthuis (1967), Olthuis e.a. (1970), Olthuis e.a. (1972), Zylstra en Vander Stelt (1996) en Spykman en Hart (1996) vir 'n vlugtige historiese oorsig. Om die afdwaling wat in die geskiedenis plaasgevind het beter te begryp, word eers die Bybelse visie op die kerk gegee.

## 2.1 'n Bybelse visie op die kerk

Bogenoemde Reformatoriese filosowe stem almal saam dat op grond van die Skrif 'n duidelike onderskeid gemaak behoort te word tussen *kerk*, *Kerk* en die *koninkryk van God*.

Olthuis (vgl. Olthuis e.a., 1972:239, 240) verduidelik dié onderskeiding deur die beeld van 'n wiel wat bestaan uit 'n as, speke en 'n velling:

> The institutional church might be called the hub of an imaginary kingdom wheel. However, without the outer rim (the total vision of the Kingdom of God) and a network of kingdom spokes (other activities of the People of God), the hub does not make a wheel. But with a hub, spokes and outer rim, the wheel of God's kingdom can be of lasting significance in our society.

Die kerk as instituut mag dus nie met die koninkryk van God (die hele wiel) vereenselwig word nie. Die verskillende modaliteite wat in 'n Reformatoriese filosofie onderskei word (vgl. 3.4) gee 'n indruk van hoe baie terreine die koninkryk insluit, bo en behalwe die geloofsterrein van die kerk as instituut.

Met die beeld van vier konsentriese sirkels, verduidelik Spykman (1992:478 e.v.) dieselfde, deur van die binneste na die buitenste sirkel die volgende te onderskei: die Woord van God, die kerk, die Kerk en die koninkryk van God. *Kerk* (met 'n klein k) dui op die kerk as instituut. *Kerk* (met 'n hoofletter K) dui op die liggaam van Christus, die teenwoordigheid van Christene wat op alle lewensterreine aktief moet wees. As kerkwees beperk sou wees tot kerkgang op Sondae, degenereer die Christelike geloof tot *churchianity*. Hoewel kerk en Kerk dus belangrik is, ontleen hulle hul uiteindelike betekenis aan die allesomvattende koninkryk van God en nie die omgekeerde nie.

Spykman (1992:479) som dit soos volg op:

> God's Word is the central dynamics for all life in the world. The ministries of the church as institute proclaim the Word within the fellowship of the worshipping community. The Church as body of Christ is then called to translate the Word into concrete forms

> of Christian witness in every sphere of life. The goal of the ever widening outreach is the coming of the kingdom.

Christus is nie net die hoof van die kerk nie, maar ook die koning van die Kerk en die heerser oor die ganse skepping. Hierdie heerskappy sluit al die ander samelewingsverbande in.

Ook ander Christelike filosowe gebruik hierdie onderskeidings in plaas van die bekende teologiese onderskeidings tussen byvoorbeeld kerk as instituut en organisme, sigbare en onsigbare kerk, ensovoots. Olthuis e.a. (1972:25, voetnoot 2) meen dat so ’n onderskeiding die Bybelse boodskap aangaande die kerk en die koninkryk beter tot sy reg laat kom.

Aan die een kant omvat kerkwees – die kerk as instituut – nie die hele lewe van die gelowige nie. Om kerk te wees het ’n spesifieke terrein en taak, naamlik die versterking van die geloof van sy lidmate deur veral die Woordverkondiging en die bediening van die sakramente tydens eredienste. Aan die ander kant is kerkwees egter nie beperk tot kultiese handelinge nie. As liggaam van Christus (Kerk) behoort Christene ook na buite op verskillende ander lewensterreine die geloof, liefde en hoop wat liturgies in die kerk versterk word uit te leef. Wat hulle in die kerk “ingeasem” het, moet hulle in die samelewing “uitasem”. Sowel kerk as Kerk bestaan egter nie ter wille van hulself nie, maar is werktuie, sodat tekens van God se heerskappy (koninkryk) op ander lewensterreine opgerig kan word.

Hierdie standpunt het duidelik ’n ander visie op die identiteit van die kerk en sy rol in die samelewing as wat in die loop van die geskiedenis ontstaan het en wat vandag nog deur die meeste Christene gehuldig word.

## 2.2 Die foutiewe visie

’n Opsomming van wat verskillende Reformatoriese filosowe (vgl. 2 hierbo) deur die loop van geskiedenis in verband met die kerk bevind het, asook hulle kommentaar vanuit ’n Reformatoriese perspektief is die volgende:

Die goeie en die kwade in die skepping is só verstaan dat dit tot duidelike gebiede gelokaliseer kon word.

Die hele skepping is in twee terreine verdeel. Die hoër, belangriker terrein van die genade staan teenoor die laer, minder belangrike terrein van die natuur. Die genadeterrein bevat die heilige, sakrale

dinge, terwyl die natuur die terrein van die profane, sekulêre dinge is.

Bybel, geloof, kerk en teologie behoort tot die hoër terrein, terwyl wetenskap, verstand, die staat asook ander samelewingsverbande en die filosofie op die laer terrein tuishoort.

As gevolg van bogenoemde verdeling is die kerk tot iets kulties of liturgies gereduseer. Om Christen te wees is vereenselwig met kerkwees en omgekeerd.

Hoewel gepoog is om 'n band tussen die twee terreine te handhaaf (die natuur is 'n voortrap tot die genade en die genade vervolmaak die natuur), het die dualistiese lewensvisie onherroeplik tot die irrelevansie van die kerk vir alle nie-kultiese lewensterreine gelei.

Omdat Christene nie werklik met so 'n dualistiese lewe kon saamleef nie, is die kerk nie net beperk nie, maar terselfdertyd oorskat deur dit met Kerk en koninkryk te vereenselwig.

Gevolglik is die kerk verabsoluteer en het dit 'n totalitêre heerser geword in plaas van 'n dienskneg, dié doel in plaas van slegs 'n instrument in diens van die liggaam van Christus (Kerk) en die koninkryk van God. Alles is onder toesig van die kerk geplaas en is verkerklik om as *Christelik* te kon kwalifiseer.

Hierdie dualisme loop soos 'n donker spoor dwarsdeur die 2000-jarige geskiedenis van die Christendom. Hoewel die meeste Christene nie eers van die gespletenheid in hulle lewensbeskouing bewus was nie, het dit duidelik hul denke en aksies bepaal.

Diegene wat wel met die konsekwensies van die tweeterreineleer geworstel het, kon dit nie oplos nie, want al die verskillende modifikasies van die dualistiese skema kon ook nie die dilemma van "kerk en wêreld" oplos nie.

Tydens die Renaissance (15de, 16e eeu) het die Middeleeuse heerskappy van die kerk oor die res van die samelewing ten einde geloop. Die emansipasie van die "natuurlike" terrein (politiek, arbeid, ekonomie, onderwys) is in die daaropvolgende eeue voortgesit (positiewe sekularisasie). Omdat alles wat Christelik was met kerkwees vereenselwig is, word die geloof in God en God se Woord egter ook as irrelevant verwerp (negatiewe sekularisme). Nadat die dualistiese lewensvisie verbrokkel het, staan die kerk nog verder van die samelewing – of dit word as iets irrelevants beskou wat hom net met wêreldvreemde, heilige dinge bemoei. Die kerk is vandag 'n

"private" instelling met weinig of geen stem in die "publieke" terrein van die breë samelewing nie.

## 2.3 Die korrekte visie

Volgens reeds genoemde skrywers (vgl. 2) moet al bogenoemde fasette van hierdie lewensvisie en kerkbeskouing verwerp word en vervang word met die volgende Bybelse visie:

In plaas van om die werklikheid in twee terreine te verdeel, bestaan daar net één skepping wat deur God se wette gestruktureer word. In antwoord op God se skeppingsordening kan die mens egter op twee maniere antwoord, naamlik in gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid. Hierdie antitese is *religieus* van aard en kan nie *onties*, in twee *terreine,* byvoorbeeld kerk en wêreld, vasgelê word nie. Goed en kwaad deurtrek die hele skepping, elke lewensterrein – ook die kerk.

Niks is inherent net goed of net sleg nie. Die Bybel ken nie die teëstelling tussen natuur en genade nie. Die teëpool van genade is God se toorn.

Die Bybel, geloof, kerk en teologie hoort nie tot 'n afsonderlike, hoër, bonatuurlike terrein, afgeskei van die res van die mens se bestaan nie. God het die mens met die vermoë geskep om te kan glo, daarom is dit natuurlik. Ná die sondeval verskil slegs die rigting van die geloof. Die kerk is dus 'n gewone samelewingsverband, 'n deel van die aardse werklikheid.

Die terrein van die kerk is wel die kulties-liturgiese waar die geloof gevier en versterk moet word. 'n Mens sou dit die *eksplisiete* of *gekonsentreerde* fokus op dit waarin/in Wie 'n mens glo, kon noem. Behalwe hierdie *gefokusde* (kultiese) is daar ook die *omvattende* uitlewing van die geloof op alle terreine, naamlik Kerkwees. Om dit duidelik te stel, maak Refomatoriese denkers gewoonlik 'n onderskeid tussen die meer beperkte (gekonsentreerde) *geloof*slewe en die mens se allesomvattende *religieuse* diens in God se koninkryk. Om Christen te wees mag nie vereenselwig word met lidmaat-van-'n-kerk-wees nie.

Indien die kerk tot die kulties-liturgiese gereduseer word, sal dit irrelevant wees vir die talle ander nie-kultiese aspekte van die lewe, soos die ekonomiese, politieke en sosiale. As kerkwees egter ook die Kerk (liggaam van Christus), die teenwoordigheid van Christene op alle lewensterrein insluit, is dit alles behalwe irrelevant.

Die kerk mag nie onderskat word nie – dit beklee 'n belangrike plek in die koninkryk. Maar dit mag ook nooit oorskat word deur dit met die koninkryk van God te vereenselwig nie. God se ryk is veel meer omvattend en ook veel belangriker. Die kerk mag dit nie impalm nie, maar moet die koninkryk dien.

Die Reformatoriese denkers verwerp kerklike heerskappy oor die samelewing. In plaas van totalitarisme leer hulle dat daar 'n verskeidenheid samelewingsverbande bestaan wat elkeen, in gehoorsaamheid aan 'n eie goddelike norm, 'n eie taak het om te vervul. Die een is nie hoër of belangriker as die ander nie.

Verder beklemtoon die Reformatoriese denkers dat *verkerkliking* van die lewe nog nie beteken dat dit *Christelik* sou wees nie. Christelikheid kan nie van bo of buite geforseer word nie. 'n Kerkskool is byvoorbeeld nie noodwendig 'n Christelike skool nie. 'n Kerkstaat of staatskerk is ook onaanvaarbaar.

Hierdie dualistiese lewensvisie beheers al vir twee millenia die kerkgeskiedenis. Die enigste manier om daarvan ontslae te raak is om daarvan bewus gemaak te word, sodat 'n mens kan insien dat dit nie in ooreenstemming met God se Woord is nie en dat dit die kerk en Christelike geloof irrelevant vir die grootste deel van 'n mens se lewe maak.

Die oplossing is dus nie om die tweeterreineleer te probeer verander nie, maar om die grondliggende dualistiese skema *self* te verwerp – eers dan kan die kerk bevry word van sy gevangenskap op die bonatuurlike terrein en sy reduksie tot slegs die kultiese.

Sekularisasie – die bevryding van die samelewing van kerklike heerskappy – word deur Reformatoriese denkers as 'n positiewe ontwikkeling gesien. Sekularisme, as die losmaak van die lewe van God en sy Woord, word egter verwerp.

Dit is dus duidelik dat die verkeerde visie op die kerk rampspoedige gevolge gehad het: Dit het daartoe bygedra dat ons tans in 'n Godloënende, sekulêre samelewing leef.

Die volgende afdeling bevat 'n uiteensetting van hoe die kerk volgens 'n Christelik-filosofiese visie moet lyk. Dit kan bydra om die kerk as 'n inherente deel van die samelewing in plaas van 'n wêreldvreemde instelling te beskou.

## 3. 'n Christelike samelewingsfilosofie toegepas op die kerk

Die Reformatoriese filosofie het 'n eie samelewingsbeskouing ontwikkel. Teenoor die individualistiese (liberalistiese), kollektivistiese (bv. kommunistiese) en kommunalistiese (kommunatoriese) samelewingsvisies kan die Reformatoriese visie as pluralisties aangedui word. (Vir detail vgl. Skillen & MCCarthy, 1991 en McCarthy e.a., 1982:13-30.) Daar bestaan verskillende vorme van pluralisme (vgl. MCCarthy e.a., 1982:30-36 en Skillen & MCCarthy, 1991) waarop hier nie verder ingegaan word nie.

Die Reformatories pluralisme het 'n lang tradisie. Dooyeweerd het dit in die grootste detail uitgewerk (Dooyeweerd, 1957:157-626 op wetenskaplike wyse en 1986 in meer populêre vorm). MCCarthy e.a. (1982) en Fowler (1993 en 2002) gee ook duidelike uiteensettings vir oningewydes op dié gebied, terwyl Van der Walt (2000:387-407) se elementêre weergawe ook nuttig kan wees. 'n Kort uiteensetting van hierdie Christelike samelewingsfilosofie en die betekenis daarvan is nodig vir 'n beter verstaan van die kerk as samelewingsverband. Die kerk het 'n unieke aard maar ook 'n eiesoortigheid.

### 3.1 Individu en gemeenskap erken

Teenoor sowel die individualisme, wat die mens as individu tipeer, as die sosialisme en kommunalisme, wat die mens in die eerste plek as sosiale wese beskou, leer die pluralisme dat die mens *as sodanig* nóg 'n individu nóg 'n sosiale *wese* is, maar slegs 'n individuele en sosiale *faset* vertoon. Albei moet dus tot hulle reg kom. In die verskillende samelewingsverbande – ook in die kerk – kom die sosiale kant van die mens na vore (vgl. struktuuranalise onder 3.4). Die Christelike samelewingsfilosofie erken dus sowel die individuele as die sosiale kant van menswees.

### 3.2 Twee soorte samelewingsverbande

Daar bestaan hoofsaaklik twee soorte samelewingsverbande: institutêre verbande en vrye assosiasies. Die huwelik, gesin, kerk en staat is institutêre verbande – instellings van God. 'n Skool, sosiale vereniging, rugbyklub of politieke party is vrye assosiasies wat in die loop van die geskiedenis ontstaan het. 'n Kerk is dus van 'n ander aard as 'n vereniging of 'n klub. Ten spyte van hierdie verskil, glo 'n pluralistiese samelewingsfilosofie egter dat geen samelewingsverband iets willekeurig of 'n blote kontrak tussen individue is nie.

### 3.3 'n Verskeidenheid samelewingsverbande is nodig

Vir die ontplooiing van volledige menswees is al die samelewingsverbande nodig. Elke samelewingsverband het 'n eie gebied, taak of werksterrein en die een (bv. die kerk) is nie belangriker as die ander nie. Een verband mag ook nie as die mees omvattende beskou word, terwyl die ander slegs onderdele daarvan sou wees nie. Dit sou op totalitarisme neerkom. Dan word die mens se lewe eensydig deur hierdie één verband oorheers en vervorm.

### 3.4 'n Strukturele analise

Om die verskillende aard en take van die verskillende verbande te begryp, is 'n strukturele analise nodig. Die Reformatoriese filosofie bied met die leer van die modaliteite of aspekte van die (aardse) werklikheid 'n nuttige middel om 'n struktuuranalise van die verskillende samelewingsverbande te maak. Die mens, en dus ook elke menslike samelewingsverband, het aan al die modaliteite deel.

As voorbeeld word die gesin gebruik. Die konkrete sake (regterkantste kolom) dien as voorbeelde van hoe al die werklikheidsaspekte (linkerkantste kolom) in die gesin aangetref word:

| **Werklikheidsaspekte** | **Konkrete sake** |
|---|---|
| godsdienstige | huisgodsdiens |
| ETIESE | familietrou |
| juridiese | ouerlike gesag |
| estetiese | tipiese styl van 'n gesin |
| ekonomiese | gesinsbegroting, -finansies |
| sosiale | onderlinge verkeer, gesinsvermaak, speletjies, partyties |
| linguale | gesins(by)name, gesinsidiome of -uitdrukkings |
| histories-kulturele | gesinsbeplanning, -opvoeding |
| logiese | gesinsopinie, -gesprekvoering |
| psigiese | gesinsgevoelens, heimwee na die huis |
| BIOTIESE | bloedbande |
| fisiese | familietrekke (kinders lyk na hul ouers) |
| ruimtelike | woning of ruimte waarbinne gesinslede saamleef |
| getal | gesin as eenheid |

Hoewel die gesin aan al die fasette van die werklikheid deel het, het dit twee oriënteringspunte: die *etiese* (band van trou) – die kwalifiserende funksie/aspek – en die *biotiese* (band van bloed) – die funderende faset.

As dieselfde struktuuranalise op die kerk toegepas word, lyk dit soos volg:

| | |
|---|---|
| GELOOF | geloofsbelydenis |
| etiese | broedelike/susterlike liefde |
| juridiese | kerkorde of kerkreg |
| estetiese | die styl van die kerkgebou of styl van 'n erediens |
| ekonomiese | gemeentebegroting/finansies |
| sosiale | gemeenskap van gelowiges |
| linguale | die tipiese kerktaal |
| HISTORIESE | kerklike organisasie, mag en opvoeding |
| logiese | die kerklike leer (dogmas) en die wyse waarop kerkmense redeneer |
| psigiese | gevoelsmatige of emosionele belewing van verskillende aktiwiteite |
| biotiese | die kerk as 'n lewende gemeenskap |
| fisiese | allerlei materiële dinge wat die kerk nodig het om te bestaan |
| ruimtelike | 'n gemeente se geografiese gebied of die gebou waarin lidmate vergader |
| getal | lokale kerk en die eenheid met ander kerke van dieselfde belydenis |

So 'n struktuuranalise maak die volgende duidelik:

Die meeste verbande (behalwe die huwelik en die gesin) is *histories gefundeerd.* Menslike historiese mag, organisasie, vormgewing en institusionalisering speel dus by feitlik almal 'n belangrike rol. Dit is ook die grondliggende of funderingsaspek van die kerk. Elke kerk leef in 'n bepaalde tyd en word deur histories-kulturele omstandighede bepaal.

Die verskillende verbande het egter verskillende *kwalifiserende aspekte.* In die geval van die kerk is dit die geloofsaspek. In die geval van die staat is dit die juridiese, in die geval van 'n bedryf is dit

die ekonomiese, by die gesin die etiese, by die verenigingslewe die sosiale en by 'n kunstenaarsklub die estetiese aspekte.

Hierdie kwalifiserende aspek bepaal die bestemming, taak of roeping van die spesifieke samelewingsverband en onderskei dit ook van elke ander verband. 'n Kerk kan byvoorbeeld nie gelykgestel word met 'n politieke party, 'n kultuurorganisasie of 'n sosiale klub nie.

Behalwe die funderende en kwalifiserende aspekte, speel al die ander aspekte ook 'n rol in die verskillende verbande soos uit die weergawe in verband met die gesin en kerk hierbo blyk. Afhangende van die spesifieke verband, kry elkeen van hierdie aspekte 'n eie betekenis. Hulle word elke keer deur die betrokke kwalifiserende funksie bepaal.

In die geval van die kerk blyk die volgende: Die *etiese kant* dui nie slegs op naasteliefde in die algemeen nie, maar dit word gelei en gerig deur die band van die gemeenskaplike Christelike geloof. Dit is *broederlike/susterlike liefde* wat spruit uit liefde tot God. Dit is nie dieselfde as ander soorte liefde, soos byvoorbeeld tussen vriende, kamerade, volks- of kultuurgenote, in die gesin (ouer- en kinderliefde), ensovoorts nie.

Omdat die kerk 'n spesifieke soort liefdesgemeenskap is (dit word deur die Christelike geloof bepaal), is die diakenamp nie bloot 'n bykomstigheid nie, maar 'n onontbeerlike kerklike amp wat ge-organiseerde gestalte aan hierdie spesifieke soort liefde gee. Die diaken se liefdadigheidswerk sal ook verskil van dié wat deur individuele persone, liefdadigheidsorganisasies of die welsyns-departement van die staat verrig word.

Die *juridiese faset* neem in die geval van die kerk ook 'n eie, unieke vorm aan. Dit is nie soos sommige Christene glo dat die kerk niks met reg en wette te make het nie. In elke samelewingsverband behoort daar orde te wees. So het die kerk ook sy eie kerkorde, regulasies en prosedures waardeur dissipline gehandhaaf word. Dit word gewoonlik deur die kerklike ampsdraers uitgevoer. Ook vir hulle eie verkiesing, bevestiging en diens word daar reëls en vereistes neergelê.

Al hierdie dinge moet egter op 'n tipies kerklike manier gebeur. Staatreg en kerkreg is nie dieselfde nie. Die staat kan sy reg afdwing – selfs met geweld (die swaardmag). In die kerk mag die

reg nooit só wees nie. Dit mag ook nooit formalisties wees sodat dit die geloof (die kwalifiserende) versmoor nie.

Dieselfde geld vir die *estetiese faset*. Kunstige dinge mag byvoorbeeld nooit so prominent in die erediens en kerkgebou wees dat dit die geloof in God as die essensiële oorskadu nie. Die estetiese behoort in diens van die kwalifiserende geloofsaspek te staan en het slegs ’n beperkte plek in die kerk.

Sonder geld, die *ekonomiese faset,* kan ’n kerk ook nie goed funksioneer nie. Die kerk behoort egter anders as ’n bedryf of sakeonderneming met sy finansies om te gaan – sowel wat die invordering as die uitgee daarvan betref. Die kerk mag nie in die eerste plek op wins gerig wees en die vergader van groot somme kapitaal nie.

Die kerk het ook ’n *psigiese kant.* Volgens die verskillende aspekte van die werklikheid blyk dat godsdiens nie dieselfde as gevoel is nie. Dit is meer as emosie. Omdat ’n mens egter godsdiens as *totale* mens beoefen, behoort dit ook emosioneel beleef en ervaar te word.

’n Mens sou kon voortgaan tot by die *ruimtelike aspek*: Selfs al vergader ’n gemeente in ’n stoor of motorhuis, kry die gebou ’n ander karakter. Dié paar voorbeelde is egter voldoende om duidelik te maak dat die kerk se aktiwiteite op verskillende vlakke ’n unieke kleur of gestalte aanneem – dit word deur geloof gekwalifiseer.

Hieruit blyk dit ook duidelik dat verskillende wetenskappe (die etiek, regte, estetika, ekonomie, psigologie, ensovoorts) ’n bydrae kan maak tot die beter verstaan van die kerk. Die kerk is nie bloot ’n “teologiese fenomeen” nie. Die kommunikasiewetenskappe sal die kerk byvoorbeeld in die eerste plek as ’n “kommunikasie-eenheid” beskou, waarin verskillende soorte kommunikasie so goed moontlik moet plaasvind, byvoorbeeld, tussen mens en God en tussen mense onderling.

Wat van die kerk gesê word, geld ook vir al die ander lewensverbande. Die etiese, juridiese, estetiese en ekonomiese lewe van die gesin, staat of bedryf sal byvoorbeeld verskillend wees as dié van die kerk, omdat dit verskillend gekwalifiseerde samelewingsverbande is.

So ’n struktuuranalise van die kerk dra ook by tot ’n gebalanseerde visie op die kerk. Dit sluit eensydige beklemtonings uit, soos byvoorbeeld die Church Growth Movement (alle klem op die

getalsaspek) of die Gospel of Wealth (oorbeklemtoning van die ekonomiese).

### 3.5 God se sentrale liefdesgebod

Elke samelewingsverband moet op ’n eiesoortige manier, eie aan sy bepaalde tyd, aan God se sentrale liefdesgebod gestalte gee. God se kerngebod (liefde tot God en die naaste – vgl. Matt. 22:37-40) is nie ’n abstraksie nie. Dit moet konkreet gestalte kry. In die verskillende lewensverbande waarin die mens saamlewe, kry dit verskillende gestaltes, dit word *gedifferensieerde* liefde. ’n Mens het nie jou motor, tuin, hond of kat op dieselfde manier lief nie, net so is liefde tussen mense in die verskillende verbande nie dieselfde nie. Die mens “omvorm” of “positiveer" God se fundamentele liefdesgebod tot verskillende norme vir die verskillende verbande. Vergelyk byvoorbeeld *trou* in die huwelik, *versorging* in die gesin*, broederlike/susterlike* liefde in die kerk, *geregtigheid* in die staat en *rentmeesterskap* in die bedryf. Die kwalifiserende aspek in elke verband dui die koers en rigting aan waarin elke samelewingsverband moet ontwikkel, hoe dit sy taak of roeping moet uitleef. Dit stel ook grense aan elke verband, soos vervolgens verduidelik sal word.

### 3.6 Die verhouding tussen die verskillende lewensverbande

Die verskillende verbande moet duidelik van mekaar onderskei word, maar hulle bestaan nie geïsoleerd van mekaar nie. Elke verband moet sy eie taak en roeping uitvoer en mag dit nie verwaarloos of die verantwoordelikheid op ’n ander verband oorskuif nie (bv. ouers wat hulle opvoedingstaak verwaarloos deur dit aan die skool oor te laat). Elke verband moet die ander se take erken en mekaar se unieke roeping erken en respekteer. Een verband mag dus nie inmeng op die terrein van ’n ander of dit probeer domineer of selfs oorbodig maak nie. Elke verband het die reg om hom te verset teen sodanige inmenging.

’n Reformatoriese, pluralistiese samelewingsfilosofie is dus antitotalitaristies. Dit beveg elke poging waarin een verband (of dit nou die kerk is soos vroeër, of die staat en die ekonomiese wêreld soos tans) homself oorskat en die ander verdring of “insluk”, sodat hulle hul eie karakter verloor en tot blote “onderafdelings” van die totalitêre verband gedegradeer word.

### 3.7 Elke samelewingsverband het 'n eie vorm van gesag

In elke verband moet daar tussen gesagsdraers en gesagsonderhoriges onderskei word – tussen die korrelasie gesag-ontsag. In die geval van die staat is dit die owerheid/regering en burgers/onderdane. In die geval van die kerk is dit die kerkraad en die lidmate.

Die groot vraag hier is *van waar* die gesagsdraers die reg kry om oor ander gesag uit te oefen. Die volgende drie teorieë hieroor kan onderskei word (vgl. Van der Walt, 2003a:155-162):

- 'n *hiërargiese teorie* waar sekere mense meer/alle gesag het en wat "van bo na onder" uitgeoefen word;
- 'n *egalitaristiese teorie* – almal beskik oor gelyke gesag en gesag ontstaan van "onder af" op die voetsoolvlak; en
- 'n *Bybelse visie* op gesag.

### 3.7.1 Die hiërargiese of elitistiese gesagsbeskouing

So 'n gesagsbeskouing word nog steeds deur baie Christene aanvaar – dit leer dat gesag van "bo"-af kom. By Christene beteken dit gewoonlik dat God sy gesag aan die (hoogste) gesagsdraers *oordra.* Hulle delegeer dit dan weer aan die "laere" ampte. Gesag word nie primêr as *diens* gesien nie.

Die probleme met en die gevare verbonde aan hierdie beskouing is die volgende: daar word nêrens in die Skrif geleer dat God sy gesag aan mense oordra nie, maar slegs aan Christus; die "hoëre" ampte het onbeperkte mag na "onder", maar weinig verantwoordingsplig na "bo" (hulle regeer *namens* God), terwyl die laere ampte, ten spyte van hulle geringe mag of seggingskap, aan die hele hiërargiese burokrasie bokant hulle verantwoording moet doen; sodanige beskouing lei maklik tot elitisme en selfs tirannie, dit wil sê die verabsolutering van gesag en mag.

Kritiek op die uitvoering van die gesagsuitoefening van ampsdraers is feitlik uitgesluit, omdat hulle "namens" God sou regeer en daar dus nie 'n duidelike onderskeid tussen (onfeilbare) goddelike gesag en (feilbare) menslike gesag gemaak word nie. Ten spyte van die feit dat God in hierdie visie die oorsprong van die gesag genoem word, kan dit tot gesags- en magsmisbruik en selfs diktatuur lei. Kerke was ook nie deur die geskiedenis hierteen immuun nie.

### 3.7.2 Die egalitêre gesagsbeskouing

Hierdie populêre gesagsbeskouing beweer gesag kom nie van "bo" nie, maar van "onder" af. Die mens is outonoom en sy eie wetgewer. Elke individu dra ook gelyke gesag. Die gesagsonderhoriges besluit dus saam wie hulle as gesagsdraers sal hê. Met hulle verkiesing dra die gesagsonderhoriges as 't ware hulle gesag aan die verkose ampsdraers oor om namens hulle te regeer. In die praktyk beteken dit gewoonlik dat die meerderheid regeer – demokrasie.

Die probleme met en die gevare verbonde aan hierdie standpunt is viervoudig, naamlik: Eerstens dat die mens tot eie wetgewer (outonomie) verhef word, wat 'n onbybelse gedagte is. Tweedens kan gesag ook nie oorgedra word nie. Derdens word die absolute gesag van 'n enkele gesagsdraer verwerp, maar nie die absolute gesag van die lede van die verband nie. Die wil van die lede van 'n verband is ie 'n beter waarborg as die wil van 'n enkele regeerder, byvoorbeeld 'n koning, diktator of pous dat gesag reg en regverdig hanteer sal word nie. Dit maak nie veel verskil of 'n elite (die

hiërargiese visie) of die massa (die egalitaristiese visie) regeer nie. Verder is hierdie standpunt ook geneig om tot anargie te lei. Terwyl die hiërargiese beskouing gesag oorskat, neig die egalitêre om dit te minag.

### 3.7.3 'n Reformatoriese visie.

Volgens hierdie beskouing bepaal God *waar* gesag geleë sal wees en *hoe* die gesag sal lyk. Gesag berus by die menslike gesagsdraers van elke verband. Gesag is kragtens God se skeppingsorde aan 'n amp verbind. God *verleen* gesag aan die ampte in die verskillende verbande. Hy dra nie sy gesag aan hulle *oor* nie (die hiërargiese gesagsbeskouing), net soos wat die lede van 'n bepaalde verband ook nie hulle gesag aan die ampsdraers *oordra* nie (die egalitêre gesagsbeskouing). Die samelewing moet bloot die gesag wat God aan die amp verbind het, *erken.* Gesag is, eenvoudig gestel, die reg om 'n amp te mag uitoefen.

Die amp en gesag wat gesagsdraers uitoefen is kreatuurlike, menslike gesag. Gesagsdraers oefen gesag uit as *diensknegte* van God en die medemens en nie as *plaasvervangers* van God en *heersers* oor ander mense nie. Hierdie duidelike onderskeid tussen goddelike gesag (wat Hy alleen aan Christus en geen mens oordra nie) en feilbare menslike gesag is van baie groot belang. Dit voorkom dat sondige mense dink dat hulle met goddelike gesag beklee sou wees, dat menslike gesag vergoddelik word en dat gesagskontrole deur die onderhoriges uitgesluit is. Indien die duidelike onderskeid nie getref word nie, mag kritiek teen verkeerde gesagsuitoefening en weerstand teen magsmisbruik maklik beskou word as opstand teen God self. Hy het wel gesag in elke samelewingsverband *verorden*, maar die *de facto uitoefening* daarvan bly gebrekkige mensewerk, wat daarom aan kritiek onderworpe is. Gesag in die kerk is ook nie goddelik van aard nie, maar gebrekkige, onvolmaakte mensewerk en dus nie bo kritiek verhewe nie.

God bepaal ook *hoe* die gesag in elke samelewingsverband sal lyk. Behalwe dat (alle) gesag *diens* is (vgl. Van der Walt, 2003a), moet dit ook in ooreenstemming wees met die aard van die betrokke verband – dit is dus *gekwalifiseerde* gesag. Die aard van die gesag en die wyse waarop dit uitgevoer moet word, word deur die kwalifiserende funksie van die betrokke verband bepaal. So moet onderskei word tussen *juridiese* gesag in die geval van die staat, *geloofs*gesag in die geval van die kerk, *ekonomiese* gesag in die

handelswêreld, *akademiese* gesag in die geval van die wetenskap/universiteit, ensovoorts.

In plaas van om navraag te doen oor die *hoeveelheid* gesag wat 'n ampsdraer moet hê, is die regte vraag kwalitatief, naamlik: *Watter soort* gesag geld in hierdie verband? Die antwoord is dat dit 'n *spesifieke soort* gesag moet wees – met ander woorde nie ongekwalifiseerd nie, maar *gekwalifiseerde* gesag, wat bepaal word deur die kwalifiserende aspek of norm van die betrokke verband waarin dit uitgeoefen word (bv. geloof in die geval van die kerk).

Gekwalifiseerde gesag beteken terselfdertyd ook *beperkte* gesag. In 'n pluralistiese samelewingsfilosofie is daar nie plek vir onbeperkte, absolute of totalitêre gesag nie – dit kom God alleen toe en geen mens of menslike verband nie. In die verlede (Middeleeue) het die kerk daartoe geneig om onbeperkte gesag te hê. Met die onstaan van nasionale state het die politiek die samelewing oorheers. Vandag heers die ekonomiese sfeer en word alles verkommersialiseer. Net soos 'n mens moet stry vir ontkerkliking en depolitisering, moet daar vandag gestry word vir die ontkommersialisering van die samelewing. Die samelewing is nie slegs ekonomies nie, maar bestaan uit verskillende terreine, elk met 'n eiesoortige gesag.

In die geval van die kerk is gesag *geloofsgesag.* Hierdie feit het in die verskillende geloofsbelydenisse deur die geskiedenis 'n neerslag gevind. Hoewel sulke geloofsbelydenisse pogings was om dit wat die Woord van God leer, saam te vat en te probeer begryp, bly dit feilbare mensewerk. Dit kan en mag nooit met God se Woord gelykgestel word nie, maar moet steeds weer in die lig daarvan getoets word. 'n Geloofsbelydenis mag ook nie as iets staties beskou word nie. Dit moet steeds vir nuwe tye en omstandighede geherformuleer word, sodat dit relevant kan bly (vgl. byvoorbeeld die belydenis van die Christian Reformed Church [1987]: *Our world belongs to God: a contemporary testimony*). 'n Geloofsbelydenis mag nie degenereer tot 'n stuk dwingende dogma nie, sodat 'n wetenskap (die Dogmatiek) in die kerk heerskappy voer in plaas van die lewende Woord van God nie. Die reële gevaar bestaan dat die oorspronklike opstellers van die geloofsbelydenisse daarin hulle geloof in God bely het, maar dat mense vandag in die belydenisse self glo.

In geen samelewingsverband is dit maklik om gesag korrek uit te oefen nie. Van alle vorme van gesag is die geloofsgesag wat die kerk hanteer, egter van die moeilikstes, omdat die geloof op die

mens se laaste sekerheid gerig is – God in die geval van die Christelike geloof.

## 3.8 Verskillende ampte vir die verskillende samelewingsverbande

Reeds in die geskiedenis van die Ou-Testamentiese Israel het daar geleidelik verskillende ampte ontwikkel. Abraham was nie net hoof van ’n gesin en stam nie, maar ook van die kultiese en politieke lewe. In die tyd van Moses is die politieke amp egter alreeds van die kerklike (kultiese, vgl. Aäron) geskei en kom ook die profetiese amp na vore. Nog later kry die politieke amp ’n monargale vorm (koning Saul). Die Here roep mense dus tot *verskillende* ampte. Hy straf ook die oortredings van die konings (bv. Saul en Ussa) wanneer hulle hul politieke amp misbruik om op kultiese terrein te oortree en die werk van die priesters oorneem. God roep almal tot *’n* amp, maar nie almal vir *dieselfde* amp nie.

Dit is volgens die Skrif duidelik (vgl. Luk. 22:24-27) dat ampte nie daar is om oor die lede van ’n verband te *heers* nie, maar juis om hulle op verskillende wyses te *dien*: Deur te sorg dat al die lede van die verband in ooreenstemming met die godgegewe norm vir die verband lewe (bv. geloof in die geval van die kerk, of geregtigheid in die geval van die staat) en só hulle roeping in die spesifieke verband vervul; deur hulle roeping in die betrokke verband te beskerm en te bevorder; deur die sonde, wat elke verband aantas, te bestry; en deur die nodige orde en reg te handhaaf (vgl. Bennet, 1993 vir Bybelse perspektiewe oor gesag).

Dit moet beklemtoon word dat amp sinoniem is met diens aan ’n ander en nie met dominasie of oorheersing nie. Te veel ampsdraers, selfs in die kerke, vereenselwig amp met posisie, status, heerskappy en selfbevoordeling (vgl. Schrotenboer, 1972). Ampte is ook nie net vir die manlike geslag beskore nie. Reeds in die sterk mansgeoriënteerde Ou Testament is daar voorbeelde van vroue wat belangrike ampte beklee het – insluitende in die kerklike lewe.

Aangesien gesag die reg is om ’n amp uit te voer, is amp en gesag dus onafskeidelik verbonde, maar moet tog van mekaar onderskei word. ’n Amp kan beklee word bloot op grond van populariteit, senioriteit, vermeende bekwaamheid of selfs die onwettige toeëiening van die amp. Die laasgenoemde geval uitgesluit, sou gesê kon word dat sodanige ampsbekleër wel *wetlik* ’n amp beklee en selfs ook oor groot mag kan beskik.

Volgens die Skrif sal dit egter 'n amp *sonder werklike gesag* wees, omdat sekere basiese vereistes vir gesag ontbreek. Volgens die Bybel veronderstel gesag die volgende: *insig* in die spesifieke taak (bepaal deur die spesifieke norm) van die betrokke verband; verder 'n bereidwilligheid om die *norm te gehoorsaam;* asook om daagliks in insig en gehoorsaamheid *te groei* (vgl. Schouls, 1972).

Mense kan byvoorbeeld in kerklike ampte verkies word en dien sonder dat hulle werklik weet waarom dit in die kerk gaan (die insig ontbreek); hulle gehoorsaam nie die basiese norm (geloof) vir kerkwees nie en hulle stagneer in hulle amp in plaas daarvan om te groei tot beter insig in hulle taak, asook daadwerklike gehoorsaamheid daaraan. Hierdie verskynsel van amp sonder werklike gesag, is nie tot kerke beperk nie, maar kom in alle verbande voor.

Die vraag is dus hoe 'n persoon wettiglik gesag (die reg om 'n amp te beklee) in 'n samelewingsverband mag bekom. Dit mag nie bloot op grond van diensjare, senioriteit of pupulariteit gebeur nie. Die lede van die verband moet eers sy/haar vermoëns of gawes (insig in die taak van die betrokke verband) raaksien en hom/haar dan saam in die betrokke amp verkies, aanstel of bevestig. Daar rus dus 'n groot verantwoordelikheid op die ampsdraers self, maar ook op die lede van die samelewingsverband wat sodanige persone in die ampte stel. Hulle moet vooraf baie seker maak dat die te verkose persoon God se wil vir die betrokke verband ken en ook bereid sal wees om dit te gehoorsaam.

In die geval van die kerklike ampte is daar op verskillende plekke in die Bybel duidelike vereistes waaraan beantwoord moet word. Een basiese vereiste vir alle ampsdraers is dat hulle vervul moet wees met die Heilige Gees, want die Gees gee insig en gehoorsaamheid. (Vergelyk Spykman & Hart, 1996:34-41 vir insigte oor die kerklike ampte in die algemeen, asook die verskillende kerklike ampte.)

Dit is belangrik om tussen gesagsdraers (die ampte) en gesagsonderhoriges in elke verband te onderskei. 'n Staat bestaan uit die regering en die burgers. Indien die regering sê "ons is die staat", lei dit tot tirannie. Indien die burgers sê "ons is die staat", dreig anargie. Wanneer die regering homself met die burgers identifiseer deur byvoorbeeld te argumenteer "Ons voer slegs die burgers se wil uit", kan dit daartoe lei dat die regering nooit of selde die burgers raadpleeg. Wanneer die onderdane hulle egter met die regering gelykstel met 'n argument soos: "Deur die verkiesing het ons hulle met gesag beklee, sodat hulle ons wil tot met die volgende

verkiesing uitvoer", mag daar dalk nie 'n volgende verkiesing wees nie.

Die kerk bestaan ook uit gesagsdraers (die kerklike ampte, wat saam 'n kerkraad vorm) en gesagsonderhoriges (lidmate). Die vier onderskeidinge wat ten opsigte van die staat gemaak is, geld *mutatis mutandis* ook vir die kerk. Dit is 'n fout om net die kerkraad of net die kerklidmate as die kerk te beskou. Dit sou ook foutief wees om nie duidelik tussen kerkraad en lidmate te onderskei nie. Slegs klem op die kerklike ampsdraers (die kerkraad) lei tot 'n verwaarlosing van die amp van die lidmate (kerk) of gelowiges (Kerk). Daar mag ook nie na die ander uiterste toe geneig word deur te dink dat die lidmate alleen die kerk vorm nie. 'n Ware kerk bestaan uit ampsdraers en lidmate.

### 3.9 Om gesag te kan uitoefen, is mag nodig

Omdat mag so dikwels tot magsmisbruik lei, is baie mense – ook Christene – geneig om te dink dat mag as sodanig verkeerd is. Dit is egter nie die geval nie. Om gesag (die reg tot 'n amp) te kan uitoefen, het ampsdraers mag (die vermoë) nodig.

Ook hier vind 'n wisselwerking tussen gesagsdraers en gesagsonderhoriges plaas. Aan die een kant erken die gesagsonderhoriges die mag van die ampsdraer, skep ruimte daarvoor en voorsien die nodige middele, bemagtig hom/haar dus in sy/haar amp. Aan die ander kant dien die ampsdraer die lede deur hulle te bemagtig om hulle roeping in die betrokke verband te kan uitvoer.

Indien ampsdraers egter hulle mag misbruik, kan bemagtiging van die lede nie plaasvind nie, maar heers onvryheid. Magsmisbruik kan selfs tot geweld lei. Onvryheid en geweld werk vernietigend in enige samelewingsverband en kan slegs in die geval van nood by een samelewingsverband (die staat) toegelaat word. Selfs dan moet geweld egter 'n konstruktiewe en nie 'n destruktiewe doel hê nie.

Die mag wat aan 'n bepaalde amp gegee word, mag dus nie te gering wees nie, want dan kan die amp nie effektief behartig word nie. Dit mag egter ook nie te groot wees nie, omdat dit maklik tot magsmisbruik kan lei.

Die belangrikste vraag is egter nie *hoeveel* mag nie, maar *watter soort* mag aan 'n amp gekoppel word. Ook mag het in elke verband 'n eiesoortige aard. Iemand wat politieke mag in die kerk wil gebruik, sal die kerk groot skade aandoen, terwyl kerklike mag op politieke

terrein heeltemal onvanpas is. Die geskiedenis is egter vol voorbeelde van altwee dwalings.

Mag is altyd *beperkte* mag, omdat elke samelewingsverband alleen 'n beperkte werksterrein of taak het. Geen menslike mag kan onbeperk of totalitêr wees nie. God alleen beskik oor onbeperkte, absolute mag. As mense of menslike verbande – die kerk ingesluit – sulke mag vir hulleself opeis, druis dit in teen God se wil en kom dit neer op afgodery – met al die rampspoedige gevolge daaraan verbonde.

## 3.10 Besluitneming in 'n samelewingsverband

By besluitneming in 'n samelewingsverband word al die lede van die verband betrek en hulle menings gerespekteer. Outoritêre besluite deur gesagsdraers is verkeerd. Waar dit moontlik is, soos byvoorbeeld in 'n gesin, die kerk of 'n vereniging moet *al* die lede betrek word en hulle bydraes moet ernstig opgeneem word. In die geval van die kerk kan dit gebeur by wyse van 'n gemeente-vergadering.

Gewone meerderheidsbesluite is nie die ideaal nie. Daar moet eerder na konsensus gestreef word. Die ampsdraers se taak is nie om te probeer sorg dat 'n bepaalde belangegroep die stem wen nie, maar om almal te help om sáám te besluit wat die belange en roeping van die betrokke verband die beste sal dien.

Omdat daar binne dieselfde verband verskillende ampte kan bestaan, kan besluite ook deur die verskillende geledinge van 'n verband geneem word. So byvoorbeeld het 'n skool- of universiteits-raad 'n toesighoudende amp, terwyl die onderwysers of dosente 'n leeramp het. Selfs die skoliere of studente is nie sonder amp nie. Almal kan volgens hulle eie bevoegdheid besluite neem. In sommige gevalle kan hierdie drie groepe (skoliere, onderwysers en die skoolraad of studente, dosente en die universiteitsraad) egter sáám vergader om saam besluite te neem oor sake wat die verband in sy geheel raak.

Hoewel die amp van gelowige (Kerk) in teorie erken word, funksioneer dit in die praktyk van die kerklike lewe dikwels swak of glad nie. Die benaming "algemene" amp skep die indruk dat dit nie belangrik is nie en dus sal dit in ere herstel moet word en baie beter moet begin funksioneer. Die "besondere" ampte is geneig om die amp van die gelowige met baie nadelige gevolge gering te skat.

### 3.11 Verantwoording van ampsdraers

Ampsdraers is aan die lede van die betrokke verband en aan God verantwoording verskuldig vir die wyse waarop hulle hul amp, gesag en mag uitoefen. By die drie kernbegrippe (*amp, gesag* en *mag*) moet dus 'n vierde bykom, naamlik *verantwoording* – iets wat dikwels verwaarloos word.

In die eerste plek is die ampsdraers verantwoording verskuldig aan diegene (die lede van die verband) wat hulle in die amp verkies en aangestel of bevestig het. Hulle mag nie, as hulle eenmaal verkies is, voortgaan sonder enige verslag aan of raadpleging van hulle onderhoriges nie. Sulke kommunikasie is van die allergrootste belang in alle verbande, byvoorbeeld die gesin, die kerk en die staat. Sodanige verantwoording waarborg deursigtigheid en stel die burgers (staat) of die lidmate (kerk) in staat om kontrole oor die werk van die ampsdraers uit te oefen. Burgers en lidmate dra ook 'n eie ampsverantwoordelikheid.

Ampsdraers se verantwoordelikheid word nog groter as in gedagte gehou word dat hulle nie net aan mense nie, maar ook aan God self verantwoording moet doen oor hoe hulle sy wil ten opsigte van 'n bepaalde samelewingsverband uitgevoer het. Teenoor God moet hulle eerlik kan sê dat hulle *geregtigheid* in die staat nagestreef het, hulle gesin werklik in liefde *versorg* het, eerlike *rentmeesters* in die bedryf was of *broederlike/susterlike liefde* in die geloofsgemeenskap van die kerk bevorder het.

Verantwoording beteken letterlik om op God se wil en Woord te antwoord. Die ampsdraers behoort met insig, wysheid en in gehoorsaamheid te antwoord. Hulle moet ook die lede van die verband aanspoor om reg te antwoord en só hulle Goddelike roeping op die spesifieke terrein te vervul.

Dit is nie net die ampsdraers wat 'n groot verantwoordelikheid teenoor God het nie, maar ook die lede is teenoor God verantwoording verskuldig vir die wyse waarop hulle hulle roeping uitvoer. Hulle verantwoordelikheid sluit in dat hulle bekwame ampsdraers sal kies, maar ook die ampsdraers sal teregwys of vermaan indien hulle (die ampsdraers) hulle amp verwaarloos of hulle gesag en mag verkeerd uitvoer of misbruik.

Hoewel ampsdraers en ampsgehoorsames in dieselfde verband onderskei moet word, mag hulle nooit geskei word nie. Enige verband kan alleen goed funksioneer en sy roeping vervul indien ampsdraers en -gehoorsames ten volle hulle eie verantwoordelik-

hede teenoor mekaar, teenoor die roeping van die verband as geheel en teenoor God ken en vervul.

## 4. Die unieke aard van die kerk

Soms merk teoloë op dat die kerk se unieke aard ontken word wanneer sy as 'n samelewingsverband beskou en geanaliseer word (vgl. Meijers, 1997:111). Die kerk sou 'n geheimenis of 'n misterie wees wat menslike begrip te bowe gaan. Met so 'n opmerking is niks verkeerd nie, solank onthou word dat *niks* in hierdie werklikheid volkome verstaan- en analiseerbaar is nie. Ook die huwelik kan 'n misterie genoem word. Vandag erken natuurwetenskaplikes openlik dat selfs fisiese dinge nie deurgrond kan word nie.

Agter so 'n opvatting skuil dikwels (vgl. 2) 'n onbybelse twee-terreineleer, wat van die kerk iets "bonatuurliks" maak en impliseer dat God alleen op kerklike terrein werklik gedien kan word. Die uniekheid van die kerk lê egter nie in haar sogenaamde bonatuurlike aard nie. Dit is ook nie so dat 'n struktuuranalise van die kerk volgens 'n Reformatoriese samelewingsfilosofie die kerk se besondere aard enigsins bedreig nie.

### 4.1 Gemeenskaplike trekke

In die lig van die voorafgaande moet erken word dat daar baie dinge is waarin die verskillende verbande *ooreenkom*. Daar kan byvoorbeeld nie gesê word dat die kerk uniek is, omdat God dit ingestel het nie. God het ook ander verbande soos die huwelik, gesin en staat ingestel. Daar kan ook nie gesê word dat die kerk uniek is, omdat Christus die hoof daarvan is nie. Hy is tog ook die koning van die wêreld en sý wil vir die huwelik, gesin, bedryf, staat, ensovoorts moet gehoorsaam word. In elkeen van die samelewings-verbande moet sy sentrale liefdesgebod op 'n unieke manier uitgeleef word. Christus het sy lewe vir die kerk gegee, maar Hy het dit ook gedoen om die hele skepping te verlos – al die ander samelewingsverbande ingesluit.

### 4.2 Unieke trekke

Volgens 'n Reformatoriese samelewingsfilosofie is elke same-lewingsverband egter ook uniek en eiesoortig. 'n Reformatoriese samelewingsfilosofie ontken nie die kerk se besondere aard of karakter nie, maar erken dit ten volle en toon dit duidelik aan.

Popma, 'n Reformatoriese filosoof, kon nooit genoeg beklemtoon dat die kerk iets unieks is nie. 'n Mens kan jou die kerk nooit sonder

Christus indink nie, of Christus sonder sy kerk nie. Die wonder van die kerk is die wonderlikheid dat Christus waarlik God én waarlik mens is (Popma, 1961:66). Selfs die eenvoudigste beskrywing van die kerk (Christus die hoof en ons die liggaam) is nie iets wat deurgrond kan word nie. As ’n mens sou sê Christus is die hoof van die kerk, kan nooit volledig gepeil word wat dit beteken nie. Nóg menslike belydenis, nóg ’n wetenskap (teologie) kan ooit die grootheid van Christus omvat.

Opsommend is die kerk se unieke aard dus die volgende:

- Dit is ’n instelling van God en dus nie ’n vrye assosiasie of ’n godsdienstige klub nie.
- Dit het ’n unieke taak en rol in die volledige ontplooiing van ware menswees en menslike welsyn.
- Dit het ’n eie kwalifiserende aspek (die geloof), wat by geen ander verband die geval is nie.
- Die ander aspekte waaraan die kerk deel het (bv. die etiese, juridiese, estetiese, ekonomiese, ensovoorts) neem elkeen ’n eiesoortige kleur aan. Die wyse waarop die kerk liefde beoefen, die reg handhaaf en sy finansies bedryf verskil dus van hoe ander verbande dit sal doen.
- In die geval van die kerk moet God se sentrale liefdesgebod tot broederlike/susterlike liefde gepositiveer word.
- Die kerk beskik oor ’n eie, unieke soort gesag (geloofsgesag) en oefen dit anders uit as elke ander verband. Hoewel dit nie goddelike gesag is nie, maar feilbare en beperkte menslike gesag, moet dit aan God se wil vir die kerk beantwoord.
- Die kerk bestaan uit eiesoortige gesagsdraers (die kerklike ampte) en gesagsonderhoriges (die lidmate).
- Van kerklike ampsdraers word unieke gawes, insig en gehoorsaamheid verwag om as kerklike ampsdraers te kan kwalifiseer en verkies te word.
- Die mag wat ampsdraers in die kerk uitoefen, is unieke kerklike of geloofsmag.
- Omdat die kerk op al die vorige punte van die ander verbande verskil, is ook die verantwoording wat die ampsdraers teenoor die lidmate en uiteindelik aan God verskuldig is eiesoortig, besonders en uniek.

Christene en teoloë beweer soms dat 'n Reformatoriese samelewingsfilosofie die unieke aard van die kerk miskyk of nie ten volle erken nie, omdat dit as 'n samelewingsverband beskou word. Tog is 'n struktuuranalise volgens so 'n pluralistiese samelewingsfilosofie juis in staat om die uniekheid van die kerk skerp en duidelik na vore te bring.

Hierdie unieke, eiesoortige aard van die kerk blyk verder uit die volgende.

### 4.3 Konfessionele pluralisme

Behalwe strukturele pluralisme erken die Reformatoriese samelewingsfilosofie ook konfessionele pluralisme (vgl. MCCarthy e.a., 1982). Geen samelewingsverband kan dus religieus neutraal wees nie. Dit kan só verduidelik word: Elke mens dien óf die ware God óf ’n afgod; die mens lyk steeds meer soos die God/afgod wat sy/hy dien omdat die beeld van haar/sy God/afgod vertoon word; die mens skep volgens sy eie beeld (wat sy godsbeeld reflekteer) verskillende samelewingsverbande, soos die huwelik, gesin, kerk, staat, ensovoorts. Sy lewe in hierdie verskillende verbande is dus ’n konkrete uitdrukking van wie hyself is en uiteindelik ’n belydenis van sy Godsgeloof.

Konfessionele pluralisme gaan daaroor dat die feit dat geen samelewingsverband religieus neutraal kan wees nie erken word. Hiermee saam word ook die verskillende gelowe se reg erken om aan hulle oortuigings te mag gestalte gee in die verskillende verbande. ’n Voorbeeld hiervan is dat Christene, Jode, Moslems en Hindoes die reg behoort te hê om hulle eie religieus-georiënteerde skole op te rig. Net so behoort hierdie godsdienste die reg te hê op hulle eie kultiese of geloofsgemeenskappe, byvoorbeeld ’n kerk, ’n sinagoge, ’n moskee en ’n tempel.

### 4.4 Die kerk kan net ’n Christelike kerk wees

Ook in ’n ander opsig is die kerk uniek in vergelyking met ander verbande. ’n Nie-christelike (bv. Joodse, Moslem of sekulêre) huwelik, gesin, staat of vereniging behou hulle aard as huwelik, gesin, staat of vereniging ten spyte van die feit dat hulle nie deur die Christelike geloof geïnspireer is nie. ’n Nie-christelike kerk is egter ’n kontradiksie in sigself. Sonder die band met Christus en sonder Christene as lidmate kan die kerk nie bestaan nie. Die kerk kan net ’n *Christelike* kerk wees. Ander godsdienstige of geloofsgemeenskappe het dus wel bestaansreg, maar mag nie *kerke* genoem word nie.

## 5. Die rol van die kerk en religie in die samelewing

Nadat aan die krisis van die kerk oor sy eie identiteit in die voorafgaande struktuuranalise aandag gegee is, moet nou oor die kerk se krisis ten opsigte van sy rol in die samelewing gehandel word. Daar word op die volgende gelet: verkeerde visies op die verhouding van die kerk/religie en die samelewing; waarom dit moeilik is om die presiese invloed van die kerk/religie op die

samelewing te bepaal; die moontlike positiewe en negatiewe invloed van die kerk/godsdiens; die kritiese taak van die kerk; en die belangrikheid van Christelike organisasies.

### 5.1 Verkeerde visies op die verhouding tussen kerk en samelewing

Verkeerde visies oor die invloed van godsdiens op die samelewing kom sowel by Christene as nie-Christene voor. Wat Christene betref, waarsku Zylstra & Vander Stelt (1996:42 e.v.) teen die volgende verkeerde visies, naamlik dat die kerk homself van die samelewing probeer *isoleer*; dat dit homself gewoon aan die samelewing *akkommodeer*; dat dit as't ware in die samelewing *ondergaan*, omdat dit allerhande (ekonomiese, politieke en sosiale) verantwoordelikhede op hom neem wat nie op sy terrein lê nie; en dat die kerk die samelewing probeer *oorheers.*

By mense wat 'n nie-Christelike oortuiging huldig kom die volgende onaanvaarbare standpunte dikwels voor (vgl. Van der Walt, 2005d: 2-3): religie kan nie 'n invloed op die breë samelewing hê nie, maar alleen 'n beperkte invloed op individuele persone; religie kan alleen 'n negatiewe invloed hê; en as gevolg van toenemende sekularisme sal dit binnekort geen invloed meer hê nie.

### 5.2 Die invloed van religie is moeilik bepaalbaar

Dat dit nie maklik is om die presiese invloed van die kerk/godsdiens/religie op die samelewing te bepaal nie, blyk byvoorbeeld uit die volgende:

- Verskillende faktore speel gewoonlik 'n rol by samelewingsveranderinge. Religie word baie keer deur ander faktore beïnvloed, maar tog kan religieuse oortuigings hierdie ander (politieke, ekonomiese, sosiale, ensovoorts) faktore struktureer. Dit is dus baie moeilik om die religieuse binne die wisselwerking van faktore te isoleer en sy invloed te bepaal – veral omdat religie fundamenteel is en die ander faktore beïnvloed.
- Die invloed van die verskillende faktore is nie altyd konstant nie. In 'n meer religieus-georiënteerde samelewing mag die invloed van religieuse faktore sterker wees as in 'n moderne, sekulêre, sogenaamde religievrye samelewing. Die omstandighede en konteks speel dus ook 'n rol.
- Die gewig van religieuse faktore en die mate waarin hulle die veranderingsproses in die samelewing beïnvloed, kan moeilik

gemeet word – veral nie volgens streng wetenskaplike maatstawwe nie.

## 5.3 Positiewe en negatiewe invloed van religie

Gewoonlik word óf gedink (deur die aanhangers van ’n bepaalde godsdiens) dat godsdiens net ’n positiewe invloed op die samelewing kan hê, óf die teëstanders van godsdiens (die aanhangers van ’n sekulêre religie) beweer presies die teenoorgestelde, naamlik dat godsdiens ’n belemmerende, nadelige, remmende invloed op die samelewing het.

Volgens Van Ufford en Schoffeleers (1988:10) is die situasie in werklikheid veel ingewikkelder:

> Put in die simplest possible terms, religion can function as an ideology in support of the status quo; it can function as a critic of the status quo and it can be both at the same time, depending on the aspects in focus.

Ook Verbeek (1991 en 2005:121-130) lê daarop klem dat religie verandering kan belemmer of bevorder; die *status quo* kan legitimeer of verandering daarvan kan inspireer; religie kan opium wees of ’n bron van verset. Verset teen verandering hoef nie negatief waardeer te word nie – veral nie as die verandering self nie positiewe verandering is nie. Dit is dus verkeerd om te beweer dat godsdiens net ’n positiewe rol speel indien dit tot verandering sou bydra.

Baie belangrik is egter dat ’n tweeledige bestaan as gevolg van die eeue oue dualistiese lewensvisie oorwin moet word. ’n Mens is byvoorbeeld nie ’n Christen sowel as ’n sakeman/-vrou nie, maar wel ’n Christensakeman/-vrou – jy moet *in* jou sakelewe Christelik optree. Dieselfde geld vir ’n sportman/-vrou wat net vóór of ná ’n wedstryd ’n Christen wil wees – jy moet die Here ook *in* jou sportaktiwiteite dien deur sy norme te gehoorsaam. Net so moet ’n Christenwetenskaplike optree. Gelowige voorveronderstellings (van Christelike of nie-Christelike aard) bepaal elke wetenskap. Wetenskap en geloof hoef dus nie saamgevoeg te word nie. ’n Christen moet ’n Christenwetenskaplike wees en dié feit op ’n integrale wyse in sy/haar vak aantoon.

### 5.3.1 Positiewe invloed

Verbeek (1991:18) noem die volgende vier positiewe rolle wat godsdiens in ’n samelewing vervul: dit dra by tot die stabiliteit van ’n

samelewing, deurdat die samelewingsorde in 'n goddelike wil veranker word; tydens vinnige verandering bied godsdiens vastigheid en gee dit identiteit in die vorm van 'n lewensvisie; dit motiveer, inspireer en dissiplineer mense om 'n gemeenskaplike doel te bereik; en op grond van geloof in die "bonatuurlike" kan godsdiens ook die profetiese funksie vervul om 'n samelewing wakker te skud. Alle godsdienste behoort dus 'n belangrike rol te vervul deur hulle aanhangers van norme of riglyne vir die lewe te voorsien.

### 5.3.2 Negatiewe invloed

Verbeek (1991:18, 19) noem ook die volgende moontlike negatiewe invloede: 'n gelyktydige legitimering van die mag van die bevoorregtes (omdat dit die Goddelike wil sou wees) en die onderhorigheid van die armes (met 'n belofte van 'n beter lewe vir hulle in die hiernamaals); 'n regverdiging of sakralisering van die bestaande norme en waardes – ook al is hulle verkeerd – of 'n legitimering van 'n verkeerde rangorde in die waardestelsel; die versmoor van individuele inisiatief deur dissipline oor te beklemtoon; die skep van 'n groepsmentaliteit gekenmerk deur passiwiteit en fatalisme; die neutralisering van kritiek op en protes teen verkeerde strukture as gevolg van gevestigde belange; en dit kan as gevolg van religieuse fanatisme verdeeldheid en disintegrasie in 'n godsdienstig pluralistiese samelewing bevorder.

Hierdie nadelige gevolge kan ook in die geval van die Christelike geloof geld:

> Christianity as an empirical religion is a historically determined cultural phenomenon, an expression of the Biblical message that is conditioned by various circumstances. As such the Christian faith is almost inevitably being narrowed and limited by historical, natural and practical constraints. As a result of this process, the church tends to attribute value to certain religious and social structures, that in fact are relative. This totalitarian tendency may severely compromise the authentic contents of the Biblical revelation (Verbeek, 1991:91).

## 5.4 Die taak van kerke is selfkritiek en kritiek na buite

Die probleem van die invloed van religie op die samelewing is (in die lig van die onderskeid tussen kerk, Kerk en koninkryk) natuurlik nie tot die verhouding tussen kerk en samelewing beperk nie. Indien 'n mens die vraagstuk daartoe beperk (in Afrika is die kerke dikwels die enigste goed georganiseerde instellings), beklemtoon Verbeek egter die volgende bydraes wat kerke sou kon lewer: geestelike

leiding wat op die konkrete situasie afgestem is, dus nie 'n wêreld-vreemde geestelikheid nie; 'n opvoedkundige of bewusmakingstaak ten opsigte van samelewingsprobleme; daadwerklike werk aan die ekonomiese, politieke, sosiale en kulturele strukture en nie net aandag aan individue nie; die onderneem van aksies wat ander samelewingsverbande eintlik moes doen, maar nalaat; eksemplariese optrede wat as voorbeelde van 'n alternatiewe samelewingstyl kan dien. Die kerk moet tekens van die komende koninkryk van God daarstel; en dit moet leiding gee deur die formulering en uitleef van duidelike norme of waardes.

### 5.4.1 Selfkritiek

Verbeek beklemtoon verder dat kritiek van die kerk op die samelewing (sy profetiese taak) altyd met indringende selfkritiek gepaard moet gaan, anders sal sy kritiek geen geloofwaardigheid hê nie. Enkele van die belangrikste dinge waarop kerke moet let, is onder andere dat hulle nie 'n steriele afstand van die samelewing (eskatalogiese *escapism*) moet probeer handhaaf nie. Die Christelike geloof wat verkondig word, moet relevant wees vir die werklikhede van die alledaagse lewe. Die kerk behoort kennis te hê van die ingewikkelde probleme van die moderne samelewing en simplistiese oplossings ten alle koste vermy. Dit moet ook 'n dinamiese kerk wees met 'n gesindheid van diensbaarheid aan die breë samelewing.

### 5.4.2 Kritiek na buite

Wat die kritiek of hulp van die kerk na buite (die breë samelewing) betref, leer Verbeek die volgende: Daar moet kritiese ondersteuning wees, maar nie 'n alliansie met byvoorbeeld die politieke bestel nie. Die kerk moet wys op die relatiwiteit van die samelewingsorde in plaas van om dit te kanoniseer. Die sosio-ekonomies-politieke prosesse en veranderings moet saam met die rolspelers en wetenskaplikes geanaliseer word om die onderliggende waardes duidelik te maak. Strukturele kwaad en onderdrukking moet aangetoon word, veral as dit ook godsdienstig geregverdig word. Die samelewing moet leer om die waarde van non-konformisme en protes te verstaan. Die gemeenskap (*civil society*) en mense op voetsoolvlak (*grass roots*) moet geaktiveer word om hulself te organiseer, sodat die gaping tussen die makrovlak (die staat) en die mikrovlak (burgers) oorbrug kan word. Verder moet die samelewing leer om medeverantwoordelikheid te aanvaar.

Kerke kan dus 'n belangrike godsdienstige rol in die samelewing vervul. Veral in Afrika moet hulle betekenis nie onderskat word nie, omdat kerke op die kontinent in baie gevalle feitlik die enigste funksionerende samelewingsverbande is met wie die staat sou kon kommunikeer en na wie regerings sou wou luister.

### 5.5 Die belangrike rol van Christelike organisasies en instellings

Omdat die skrywer van hierdie artikel nie die kerk tot die institusionele kerk (die "as" van die wiel) beperk nie, maar ook die Kerk as liggaam van Christus (die "speke" van die wiel) en die koninkryk (die "velling") beklemtoon, moet die volgende belangrike manier genoem word om die samelewing te beïnvloed, naamlik deur Christelike organisasies en instellings. (Vergelyk Van der Walt, 2003b vir 'n onderskeiding van verskillende soorte Christelike organisasies.) Omdat hierdie organisasies *Christelike* en nie *kerklike* organisasie is nie, is hulle 'n inherente deel van die samelewing (*civil society*) en dus beter in staat om 'n invloed ten goede op die toenemende sekulêre samelewing te hê.

## 6. Ten slotte

Die waarde van 'n Reformatoriese samelewingsfilosofie se visie op die kerk is dat dit – sonder om die uniekheid van die kerk te ontken – nie daarvan 'n bo-wêreldse instelling maak nie. Die kerk is ook nie iets goddeliks nie, maar iets waaraan feilbare mense gestalte moet gee – dit moet institusionaliseer. Omdat die kerk deel van hierdie sondige bedeling is, het dit voortdurende reformasie nodig – anders deformeer dit. Uit hierdie artikel het dit duidelik geblyk dat 'n Reformatoriese samelewingsbeskouing 'n unieke bydrae kan maak tot so 'n noodsaaklike reformasie van die kerk. Op dié wyse kan dit die kerk help om terselfdertyd sy identiteit te bou en ook relevant vir die samelewing te wees.

### Geraadpleegde bronne

ADEYEMO, T., *ed*. 1993. A Christian mind in a changing Africa. Nairobi: Association of Evangelicals in Africa.

BENNETT, D.W. 1993. Biblical images for leaders and followers. Oxford: Regnum Books.

CHRISTIAN REFORMED CHURCH. 1987. Our world belongs to God: a contemporary testimony. Grand Rapids: CRC.

DEKKER, G. 1995. Als de getij verloopt … opstellen over godsdienst en kerk. Baarn: Ten Have.

DEKKER, G. 2001. Is reformed belief possible in a post-modern society? (*In* Hendriks e.a. Reformed encounters with modernity. Stellenbosch: The International Society for the Study of Reformed Communities. p. 150-157.)

DEKKER, G. s.j. Zodat de wereld verandert: over de toekomst van de kerk. Baarn: Ten Have.

DOOYEWEERD, H. 1957. A new critique of theoretical thought. Vol. 3. Amsterdam: Paris.

DOOYEWEERD, H. 1986. A Christian theory of social institutions. La Jolla: The Herman Dooyeweerd Foundation.

DURAND, J. 2002. Ontluisterde wêreld: die Afrikaner en sy kerk in 'n veranderende Suid-Afrika. Wellington: Lux Verbi.

FOWLER, S. 1993. Communities, organizations and people*. Pro Rege*, 21(4):20-32, Jun.

FOWLER, S. 2002. Freedom, person and community. *African Journal for Transformational Scholarship*, 1(1):27-50, Nov.

HENDRIKS, J., LUIDENS, D.A., NEMETH, R.J., SMIDT, C.E. & STOFFELS, H., *eds***.** 2001. Reformed encounters with modernity: perspectives from three continents. Stellenbosch: The International Society for the Study of Reformed Communities.

JONKER, W. 1998. Selfs die kerk kan verander. Kaapstad: Tafelberg.

KRITZINGER, D., *ed.* 2002. No quick fixes: challenges to mission in a changing South Africa. Pretoria: Institute for Missiological and Ecumenical Research, University of Pretoria.

MCCARTHY, R., OPPEWAL, D., PETERSON, W. & SPYKMAN, G., eds. 1982. Society, state and schools: a case for structural and confessional pluralism. Grand Rapids: Eerdmans.

MEIJERS, S. 1997. De hermeneutische vooronderstellingen van theologie en filosofie. (*In* Van den Brink, G. e.a. *Filosofie en theologie.* Amsterdam: Buijten & Schipperheijn. p. 106-122.)

NAUDÉ, P. 2004. Drie maal een is een: 'n besinning oor God vandag. Vereeniging: CUM boeke.

OLTHUIS, J.A., HART, H., SEERVELD, C., ZYLSTRA, B. & OLTHUIS, J.H. 1970. Out of concern for the church. Toronto: Wedge.

OLTHUIS, J.H. 1967. Must the church become secular? *International Reformed Bulletin*, 10(28):14-31, January.

OLTHUIS, J.H., HART, H., VAN DYK, J., DE GRAAFF, A., SEERVELD, C., ZYLSTRA, B. & OLTHUIS, J.A. 1972. Will all the King's men … out of concern for the church phase II. Toronto: Wegde.

POPMA, K.J. 1961. Levensbeschouwing: opmerkingen naar aanleiding van de Heidelbergse Cathechismus. Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.

SCHOULS, P. 1972*.* Insight, authority and power: a Biblical appraisal. Toronto: Wedge.

SCHROTENBOER, P.G. 1972. Man in God's word: the Biblical idea of office*.* Toronto: Wedge.

SKILLEN, J.W. & MCCARTHY, R.M., *eds***.** 1991. Political order and the plural structure of society. Atlanta: Scholars Press.

SPYKMAN, G.J. 1992. Reformational theology: a new paradigm for doing dogmatics. Grand Rapids: Eerdmans.

SPYKMAN, G.J. & HART, H. 1996. Rediscovery of the church I. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie. (Studiestuk nr. 341, Mei.)

VAN DEN BRINK, G., GEERTSEMA, H.G., HOOGLAND, J. e.a. 1997. Filosofie en theologie: een gesprek tussen Christen-filosofen en theologen. Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.

VAN DER WALT, B.J. 1979. Uit liefde vir my kerk. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

VAN DER WALT, B.J. 1999. Naby God: Christen en kerk op die drumpel van spiritualiteit. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie.

VAN DER WALT, B.J. 2000. Visie op die werklikheid: die bevrydende krag van 'n Christelike lewensvisie en filosofie. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie.

VAN DER WALT, B.J. 2003a. Om 'n leier te wees – vanuit 'n Christelike perspektief. *Koers*, 68(2 & 3):143-170.

VAN DER WALT, B.J. 2003b. Identiteit en relevansie: die dringende noodsaaklikheid van Christelike organisasies en instellings in 'n toenemende sekulêre Suid-Afrika. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 39 (3e & 4e kwartaal):131-148.

VAN DER WALT, B.J. 2004a. Sekularisme, die gees van ons tyd (1): 'n bedreiging. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 40(1e & 2e kwartaal):85-97.

VAN DER WALT, B.J. 2004b. Sekularisme, die gees van ons tyd (2): 'n tipering. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 40(3e & 4e kwartaal):102-123.

VAN DER WALT, B.J. 2005a. Sekularisme, die gees van ons tyd (3): 'n antwoord. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 41(1e & 2e kwartaal): 43-75.

VAN DER WALT, B.J. 2005b. Sekularisme: die onherkende maar grootste gevaar vir die Christendom. *Die Kerkblad*, 107(3171):46-47, Januarie.

VAN DER WALT, B.J. 2005c. Sekularisme: waarom dit so verleidelik is en hoe Christene hulle daarteen kan bewapen. *Die Kerkblad*, 107(3172):44-45, Februarie.

VAN DER WALT, B.J. 2005d. Transformed by the renewing of your mind: shaping a Biblical worldview and Christian perspective on scholarship. Potchefstroom: The Institute for Contemprary Christianity in Africa.

VAN UFFORD, P.Q. & SCHOFFELEERS, M. 1988., *eds.* Religion and development: towards an integrated approach. Amsterdam: Vrije Universiteit.

VERBEEK, G. 1991. The dialectics of socio-economic stratification and individual participation in rural development: an essay on the dynamics of socio-economic change. Den Haag: Institute for Social Studies. (M.A.-verhandeling.)

VERBEEK, G. 2005. Recht in overvloed: gerechtigheid en professionaliteit in de ontmoeting tussen arm en rijk. Budel: Damon.

VORSTER, J.M. 1981. Het die kerk nog betekenis? Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

VORSTER, J.M. 1996. Is die kerk funksioneel? Gedagtes oor Gereformeerde kerkvernuwing in a post-moderne konteks. Noordbrug: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

ZYLSTRA, B. & VANDER STELT, J.C. 1996. Rediscovery of the church II. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie. (Studiestuk nr. 343, Julie.)

**Kernbegrippe:**

Christelike samelewingsfilosofie
kerk; beskouing oor
kerk; krisis van
kerk; strukturele analise van
kerk; rol in samelewing
sekularisasie
sekularisme

**Key concepts:**

Christian philosophy of society
church; doctrine about
church; crisis of
church; structural analysis of
church; involvement in society
secularisation
secularism